Kursusse WRSA Courses
In samewerking met / in cooperation with
GhoenasKraal Opleidingsentrum/
Training Centre

Posbus/PO Box 2955
MONTANA PARK, 0159
Tel & Faks/Fax: 012 548 4708
e-pos/Email: ghoenaskraal1@gmail.com

Posbus/PO Box 23073
GEZINA, 0031
Tel: 012 335 6994
e-pos/Email: members@wrsa.co.za

Algemene inligting / *General information:* Opleidingskursusse / *Training Courses*

- **Roete na die opleidingsentrum:**

  Neem die Vaalwaterpad uit Nylstroom (Modimolle); draai na 18 km regs op die Driefonteinpad (± 46 km vanaf Vaalwater); draai na 1 km weer regs by die Driefonteinbordjie; draai na 'n verdere 5 km links in na die plaas en volg die gang tot by GhoenasKraal. (S 24° 35' 46,73"; O 28° 22' 35,06")
  Take the Vaalwater road from Nylstroom (Modimolle). After 18 km, turn right on the Driefontein road (±46km from Vaalwater.) After 1 km, again turn right at the Driefontein road sign. After 5 more km, turn left to the farm and follow the corridor to GhoenasKraal. (S 24° 35' 46,73"; *E* 28° 22' 35,06")

- Al die kursusse begin 17:00 op die Sondag en sluit ongeveer 12:00 op die Vrydag af.
  All the courses start at 17:00 on the Sunday and close at approximately 12:00 on the Friday.

- Vervoer van Nylstroom (Modimolle) en weer terug kan vooraf op versoek gereël word. Die ontmoetingspunt is die Toyota garage op die Naboomspruit/Mokopane-pad om 16:00 die Sondagmiddag. Kursusgangers sal weer ongeveer 13:00 die Vrydag daar afgelaai word.
  Transport from Nylstroom (Modimolle) and back can be arranged beforehand. The meeting point is the Toyota garage on the Naboomspruit (Mokopane) road at 16:00 on the Sunday afternoon. Course participants will be dropped off there at approximately 13:00 on the Friday.

- Kursusgangers **moet** 'n afskrif van hulle ID-dokument saambring!
  *Course participants **must** bring a copy of their ID documents!*

- Alle etes word verskaf. Vroegoggend: koffie en beskuit. 10:00: 'n groot ontbyt; middagete: ligte verversings en 'n groot aandete.
  All meals are provided. Early morning: coffee and rusks. 10:00: big breakfast; lunch: light snacks and a big supper.

- Kursusgangers moet hulle eie beddegoed, toiletware en persoonlike medikasie verskaf. Daar is 'n snoepwinkel met 'n beperkte verskeidenheid sigarette, lugtyd en snoeperye te koop.
  Course participants must bring their own bedding, toiletries and personal medication. There is a tuckshop with a limited variety of cigarettes, airtime and sweets for sale.

- Kursusgangers word aangeraai om 'n flits, slagmes, handdoeke, kussings en ekstra oorpakke saam te bring.
  Course participants are advised to bring a torch, skinning-knife, towels, pillows and extra overalls.

- Waarsku asseblief u werkers dat hulle langer as die normale 8 ure per dag besig gaan wees. Ons begin reeds om 07:00 soggens en party aande gaan kursusse aan tot 22:00.
  Please warn your workers that they will be busy for longer than the normal 8 hours per day. We already start at 07:00 in the morning and some evenings courses carry on until 22:00.

- Kursusgangers kry elk ’n studiegids, maar dis nie ’n vereiste dat hulle moet kan lees of skryf nie. Hulle kan die eksamen ook mondeling aflê.
  Each course participant receives a study guide, but they do not have to be able to read and write. They can do and oral exam.

- Suksesvolle kursusgangers se sertifikate word ongeveer 4 weke na afloop van die kursus aan werkgewers gepos. Verskaf asseblief die **korrekte posadres**.
  Successful course participants’ certificates will be mailed to their employers after approximately 4 weeks. Please supply the ***correct postal address.***

- Ons nooi werkgewers om die laaste dag wanneer hulle die kursusgangers kom haal, 11:00 saam met ons brunch te eet. Om 10:00 gee ons ‘n oorsig van die kursus en werkgewers is welkom om dit ook by te woon.
  We invite employers to eat brunch with us at 11:00 on the last day when they fetch course participants. We give an overview of the course at 10:00 and employers are also welcome to attend.

- Ons is nie vir BTW geregistreer nie dus kan u nie BTW terug eis nie.
  We are not VAT registered, therefore, you cannot claim VAT.